Die groot tekort aan geskoolde werkkragte in die RSA vestig die aandag al meer op die uitbreiding en verbetering van opleidingsfasiliteite. Formele opleidingsinstellings en werkgewers het 'n gesamentlike verantwoordelikheid ten opsigte van vaardigheidsopleiding. Verskeie ondersoeke na die stand van en behoefte aan vaardigheidsopleiding op makrovlak is gedurende die afgelope dekades gedoen. Uit hierdie ondersoeke is 'n behoefte aan deurlopende monitering van die behoefte aan en voorsiening van vaardigheidsopleiding geïdentifiseer. 'n Matriksmodel wat tydens een van die ondersoeke gebruik is om die stand van vaardigheidsopleiding in die nywerheid te bepaal, het 'n handige instrument geblyk om 'n oorsig van vaardigheidsopleiding in 'n bepaalde organisasie/bedryf/streek te verkry. Die Nasionale Opleidingsraad het die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing versoek om die matriksmodel aan te pas en 'n handleiding te voorsien waarvolgens individuele organisasies hul eie behoefte aan vaardigheidsopleiding van tyd tot tyd kan bepaal en monitor.

Dank word betuig aan die direkteure van opleidingsrade en personeel- en opleidingsbestuurders in die nywerheid vir hulle samewerking met die uittoets van die matriksmodel en handleiding. Die vertroue word uitgespreek dat die matriksmodel van besondere nut sal wees vir besluitnemers oor vaardigheidsopleiding om knelpunte te identifiseer en aanpassings te maak wat in belang van sowel die organisasie as die RSA in die algemeen sal wees.

Die Nasionale Opleidingsraad betuig besondere dank aan die RGN en aan dr. Gerrie Cilliers, Menslike Hulpbronstrategieë in die besonder.

F.R.L.N. EKSTEEN
VOORSITTER: NASIONALE OPLEIDINGSRAAD

Februarie 1991

INHOUD **Bladsy**

VOORWOORD

1 AGTERGROND **1**

2 HANDLEIDING VIR DIE GEBRUIK VAN 'N MATRIKS VIR DIE BEPALING VAN DIE BEHOEFTE AAN VAARDIGHEIDSOPLEIDING

2.1 INLEIDING **3**

2.2 BEGRIPSOMSKRYWINGS **3**

2.2.1 Vaardigheid 3
2.2.2 Nie-formele vaardigheidsopleiding 3
2.2.3 Poskategorieë 3
2.2.4 Toetredingsvereistes 5
2.2.5 Vaardighede 5
2.2.6 Vaardigheidsvlak 6
2.2.7 Aspekte van vaardigheidsopleiding 7

3 AANWYSINGS VIR DIE INVUL VAN DIE MATRIKS **9**

3.1 Wie moet die matriks invul? 9
3.2 Situasie en datum 9
3.3 Besonderhede oor poskategorie 9
3.4 Skaalpunte 10
3.5 Grafieke 10

4 INTERPRETERING **11**

4.1 Situasies 11
4.2 Voorbeeld 12

VERWYSINGS **16**

BYLAE A : INGEVULDE MATRIKS **17**

BYLAE B : VOORBEELDE VAN GRAFIEKE **18**

PROJEKKOMITEE:

Dr. R. Verster (Voorsitter)	Bestuurder: (Tegniese Opleiding), ESKOM
Mnr. S. Barnard	Hoof: Opleiding en Ontwikkeling: Vaaldriehoek-opleidingsentrum
Dr. J.H. Beukes	Hoofbestuurder: Korporatiewe Kommunikasie, RGN
Dr. G.J. Cilliers	Projekbestuurder: Menslike Hulpbronstrategieë, RGN
Mnr. H.R. Corbett	Opvoedkundige skakelbeampte: Inligtingsentrum vir die chemiese bedryf
Dr. F.L.R.N. Eksteen	Voorsitter, NOR
Mej. N.M. Human (Koördineerder)	Mannekragbeleidsadviseur: NOR
Prof. J.M. Schepers	Psigometrika: Departement Menslike Hulpbronbestuur, RAU
Mnr. L.N. van der Schyff	Adjunk-direkteur: NOR
Dr. J.S. van der Walt	Bestuurder: Menslike Hulpbronstrategieë, RGN
Dr. S. Wolmarans	Senior Konsultant (Mannekrag): TRANSNET.

1 AGTERGROND

Daar is sedert die begin van die huidige eeu 'n toenemende bewuswording van die waarde van opleiding, veral indiensopleiding. Navorsing dui daarop dat tussen die jare 1929 en 1982 formele opleiding voor indienstreding verantwoordelik was vir slegs 26 % van die uitbreiding in die produksiekapasiteit van die VSA, terwyl indiensopleiding meer as die helfte (55 %) bygedra het tot alle verbeteringe in die land se produksiekapasiteit (Carnevale en Gainer, 1986). Die voorsprong wat ontwikkelde lande het, is dus afhanklik van die toepassing van tegnologie tesame met 'n arbeidsmag wat beter toegerus en aanpasbaar is. In 'n ontwikkelende land soos die RSA is vaardigheidsopleiding van kardinale belang en vorm 'n integrale deel van die opleidingsproses. Vaardigheidsopleiding verwys na die nieformele opleiding wat 'n persoon in die werksituasie ontvang om hom in staat te stel om sy werk behoorlik te doen.

'n Reeks ondersoeke oor formele onderwys, opleiding van ambagsmanne en nie-formele vaardigheidsopleiding in die werksituasie is gedurende die afgelope jare deur die RGN in opdrag van die Nasionale Opleidingsraad gedoen, met die oog op riglyne vir doelgerigter en effektiewer bepaling van vaardigheidsopleidingsbehoeftes. Die ondersoek oor vaardigheidsopleiding het ten doel gehad om die faktore wat nie-formele vaardigheidsopleiding beïnvloed, te identifiseer, asook om 'n opname te maak van die strukture wat tans vir vaardigheidsopleiding bestaan en te bepaal wat die stand van vaardigheidsopleiding in verskillende sektore is. Om 'n oorsigtelike beeld van die stand van vaardigheidsopleiding in nywerhede te kry, is 'n matriks ontwerp om 'n aantal fasette van vaardigheidsopleiding te ondersoek. In die NOR-/RGN-ondersoek (1989) is byvoorbeeld deur middel van die matriks bepaalde leemtes geïdentifiseer ten opsigte van vaardigheidsopleiding in 'n aantal nywerhede, soos 'n tekort aan geskikte opleiers. Met die oog op die wyer gebruik van die matriks het die Nasionale Opleidingsraad die RGN versoek om riglyne saam te stel ten einde individuele organisasies in staat te stel om die stand van hul eie behoeftes aan vaardigheidsopleiding deurlopend met behulp van die matriks te peil.

Die matriks is 'n instrument wat op groeperings van vaardighede en verskillende aspekte van opleiding fokus. Die matriks kan 'n breë raamwerk vir die beoordeling van die behoeftes aan en voorsiening van vaardigheidsopleiding op sowel mikro- as makrovlak verskaf. Deur gepaste

skale te gebruik, kan vergelykings ook getref word. Die matriks is egter nie 'n rigiede meetinstrument nie en kan volgens eie behoeftes aangepas word. Dit kan vir die volgende doeleindes gebruik word:

- Om die omvang van die behoefte aan bepaalde vaardighede, byvoorbeeld kommunikasievaardighede of dinkvaardighede in bepaalde poskategorieë, byvoorbeeld dié van toesighouers of middelbestuurders, te bepaal.

- Om knelpunte met betrekking tot sekere aspekte van vaardigheidsopleiding te identifiseer. Die voorsiening van vaardigheidsopleiding vir bepaalde poskategorieë word byvoorbeeld deur 'n gebrek aan opleiers, gestruktureerde opleidingsprogramme of fasiliteite, tyd of fondse gekortwiek; of daar is 'n behoefte aan evalueringsinstrumente; of daar moet vasgestel word aan watter vaardighede prioriteit verleen behoort te word.

- Om in die lig van verwagte tegnologiese ontwikkeling, uitbreiding, spesialisasie, diversifisering of ander beoogde veranderinge, toekomstige vaardigheidsbehoeftes na aanleiding van 'n toekomsscenario te bepaal.

- Om 'n aanduiding te gee van die prioriteite wat vir verdere diepte-ondersoeke oor spesifieke geïdentifiseerde terreine gestel moet word.

2 HANDLEIDING VIR DIE GEBRUIK VAN 'N MATRIKS VIR DIE BEPALING VAN DIE BEHOEFTE AAN VAARDIGHEIDSOPLEIDING

2.1 INLEIDING

In hierdie handleiding word aangedui hoe om die matriks te gebruik vir die ontleding van die behoefte aan vaardigheidsopleiding in nywerhede/firmas/organisasies. Die matriks kan ook aangepas word vir ele gebruik in ondernemings met spesifieke oogmerke. Wanneer die matriks ingevul word, moet in die ALGEMEEN gedink word en nie aan uitsonderlike gevalle of spesifieke take nie. Een van die volgende drie situasies kan geld as uitgangspunt by die invul van die matriks (sien bespreking by paragraaf 4):

- die werklike huidige situasie
- die ideale situasie (soos wat dit behoort te wees)
- 'n toekomsscenario (soos wat dit na verwagting byvoorbeeld oor vyf jaar behoort te wees).

Om eenvormigheid met die oog op vergelykbaarheid te verseker, word die volgende begripsverklarings gegee:

2.2 BEGRIPSOMSKRYWINGS

2.2.1 VAARDIGHEID:

Die vermoë van 'n persoon om sy werk effektief te doen of te funksioneer in 'n bepaalde situasie.

2.2.2 NIE-FORMELE VAARDIGHEIDSOPLEIDING

Opleiding wat nie deur formele instellings soos universiteite, technikons, tegniese kolleges, provinsiale of staatskole aangebied word nie.

2.2.3 POSKATEGORIEË

Organisasies bepaal poskategorieë volgens ele omstandighede en behoeftes. So byvoorbeeld hang die aantal en verskeidenheid kategorieë nou saam met die grootte en aard van die organisasie en dit kan volgens ele behoeftes gegroepeer word. Vir die toepassing van die matriks is die volgende ses basiese poskategorieë geïdentifiseer:

- **Topbestuur** bestaan uit uitvoerende en algemene bestuurders wat verantwoordelik is vir strategiese bestuur met die oog op die korporatiewe missie en visie van die organisasie en die beleid wat daaruit voortvloei. Hierdie bestuurders dra finale verantwoordelikheid vir die organisasie en vir eksterne skakeling.

- **Middelbestuur:** Hierdie bestuurders is verantwoordelik vir taktiese bestuurselemente soos koördinering van hulpbronne, uitvoering van korporatiewe beleid en skakeling tussen uitvoerende bestuur en eerstevlakbestuur.

- **Eerstevlakbestuur** sluit bestuurders in wat op 'n vlak tussen middelbestuur en toesighouers funksioneer. Hulle koördineer en kontroleer die werk van toesighouers.

- **Toesighouers:** Die toesighouer is funksioneel betrokke by produksie of dienslewering en lei werkers op. (In groter organisasies kan daar onderskei word tussen eerstevlakbestuurders en toesighouers.)

- **Ondersteunende personeel** sluit werkers in wat nie direk by die produksie- of dienslewerингsproses betrokke is nie, maar wat produksie of dienste moontlik maak deur die ondersteunende funksie wat hulle vervul. Ondersteunende personeel kan verder in verskillende kategorieë ingedeel word, byvoorbeeld skoonmakers, bodes en teemakers, administratief ondersteunende personeel (klerke, tiksters, sekretarisse, rekenaarprogrammeerders, ens.) en tegnies ondersteunende personeel (stelselontleders, tegnici en vakmanne wat vir instandhouding verantwoordelik is, ens.).

- **Bedryfspersoneel** is werkers wat direk betrokke is by die produksieproses van goedere of die verskaffing van basiese dienste, afhangende van die uitsette van die organisasie. Ook hier kan verskillende kategorieë ter sprake wees, byvoorbeeld masjienoperateurs, hyskraanbestuurders, rekenaaroperateurs, tegnici, vakmanne wat aan die produksieproses deelneem of lynfunksionarisse in 'n diensorganisasie.

2.2.4 TOETREDINGSVEREISTES

Vir bepaalde poskategorieë kan sekere minimum toetredingsvereistes gestel word. Wanneer die matriks ten opsigte van 'n bepaalde poskategorie ingevul word, is dit dus belangrik om die volgende minimum vereistes aan te dui:

- Minimum opvoedkundige kwalifikasies.
- Minimum aantal jare van toepaslike ervaring.
- Ander spesifieke vereistes.

2.2.5 VAARDIGHEDE

Die breë kategorieë van vaardighede wat onderskei word, is die volgende:

- **Hanteringsvaardighede:** Vaardighede wat nodig is vir die fisiese hantering van masjiene en ander toerusting wat in die produksieproses of proses van dienslewering gebruik word (hantering van gereedskap, tikmasjiene, telefone, voertuigbestuur, manipulering van groot masjiene, konstruksie- en bouwerk, sweiswerk, kabellaswerk, instandhouding en herstel van toerusting, ens.).

- **Tegnologiese kennisvaardighede:** Vaardighede en insig om die take wat spesifiek aan 'n persoon se werk verbonde is, uit te voer, byvoorbeeld ontleding, interpretering en implementering van tegnieke; foutopsporing; toepassing van kennis, ens.

- **Denkvaardighede:** Vaardighede wat in die toepassing van hanteringsvaardighede en tegnologiese kennis benodig word, byvoorbeeld probleemidentifisering; probleemoplossing; ontwikkeling van prosedures en metodologieë, beplanning van eie werk, ander se werk en spanwerk, innovering, evaluering, ens.

- **Mensvaardighede**

  - **Kommunikasievaardighede:** Die voorbereiding, interpretasie, versending en oordra van inligting om duidelike begrip by ander te verseker, gee en ontvang van instruksies, oordra van kennis, taalvaardigheid, alle verbale en nie-verbale kommunikasie, ens.

  - **Interpersoonlike vaardighede:** Vaardighede waarby verhoudings met ander persone betrokke is, byvoorbeeld mentorskap,

onderhandeling, toesighouding, konsultering, oorreding, motivering, spanbou, met ander woorde die vermoë om interaksie tussen persone te bewerkstellig.

- **Intrapersoonlike vaardighede:** Vaardighede van selfbestuur, tydbestuur, selfhandhawing, selfverwesenliking, selfdissipline, selfbeeldbou, aanpasbaarheid, ens.

- **Bestuursvaardighede:** Die vaardighede van beplanning, leiding, koördinering, organisasie en beheer van ander se werk om bepaalde doelwitte te bereik.

2.2.6 VAARDIGHEIDSVLAK

Verskillende vereistes word gestel aan persone ten opsigte van vaardigheidsvlakke wat by hul toetrede en ná opleiding vereis word.

Ten opsigte van **HANTERINGSVAARDIGHEDE** kan die volgende kriteria op die skaal geld:

1 = moet take in 'n groep saam met ander kan doen
2 = moet take alleen kan doen onder toesig
3 = moet selfstandig volgens instruksie kan werk
4 = moet selfstandig kan besluit en die taak kan uitvoer
5 = moet take op eie inisiatief kan identifiseer en uitvoer.

Ten opsigte van **TEGNOLOGIESE KENNISVAARDIGHEDE** geld die volgende kriteria op die skaal:

1 = basiese kennis en toepaslike ervaring ten opsigte van eie funksies wat verrig moet word
2 = basiese kennis en beperkte ervaring in die toepassing van tegnieke wat verband hou met eie en verwante funksies
3 = meer as basiese kennis en toepaslike ervaring in die toepassing van tegnieke wat verband hou met eie en verwante funksies
4 = uitgebreide kennis en ervaring in die toepassing van tegnieke ten opsigte van eie en 'n verskeidenheid verwante funksies
5 = omvattende kennis en ervaring in die toepassing van tegnieke ten opsigte van eie en alle verwante funksies.

Ten opsigte van **DINK-, MENS- EN BESTUURSVAARDIGHEDE** geld die volgende kriteria op die skaal:

1 = basiese kennis om ongekompliseerde situasies te hanteer wat in die proses van funksievervulling voorkom
2 = basiese kennis en ervaring om enige situasie te hanteer wat in die proses van funksievervulling voorkom
3 = meer as basiese kennis en ervaring om meer gekompliseerde situasies te hanteer wat in die proses van funksievervulling voorkom
4 = grondige kennis en ervaring om meer gekompliseerde situasie te hanteer wat in die proses van funksievervulling voorkom
5 = gespesialiseerde kennis en ervaring om meer gekompliseerde situasies te hanteer wat in die proses van funksievervulling voorkom.

2.2.7 ASPEKTE VAN VAARDIGHEIDSOPLEIDING

Inligting oor sekere aspekte van vaardigheidsopleiding is van kritieke belang vir die organisasie om te besluit of die huidige stand daarvan bevredigend is, watter knelpunte bestaan of watter veranderinge moontlik verwag kan word. Die volgende vrae is van toepassing op elk van die aspekte wat in die matriks genoem word:

- **Beskikbaarheid van menslike hulpbronne:** In watter mate is menslike hulpbronne met die vereiste minimum kwalifikasies binne die organisasie (intern) beskikbaar? In watter mate kan menslike hulpbronne met die vereiste minimum opvoedkundige kwalifikasies en vaardigheidsvlak (soos vir die bepaalde poskategorie bepaal) buite die organisasie (ekstern) gewerf word?

- **Beskikbaarheid van toepaslik gekwalifiseerde opleiers:** In watter mate het die organisasie self geskikte opleiers of kan opleiers van buite gewerf word om die nodige opleiding te gee?

- **Opleiding van opleiers:** In watter mate maak die organisasie voorsiening vir die opleiding van opleiers?

- **Program vir vaardigheidsopleiding:** In watter mate word opleiding in 'n bepaalde vaardigheid verskaf volgens 'n gestruktureerde program met die oog op die bereiking van vooropgestelde doelwitte?

- **Interne fasiliteite:** In watter mate is interne lokale en ander fasiliteite beskikbaar en word van opleidingstegnologie gebruik gemaak soos video's, skyfies en ander toerusting?

- **Eksterne fasiliteite:** In watter mate word van eksterne opleidingsfasiliteite gebruik gemaak, byvoorbeeld, opleidingsrade, streeksopleidingsentra, ander eksterne opleidingsentra en instellings wat vaardigheidsopleiding aanbied?

- **Finansiële voorsiening:** In watter mate word begroot vir opleiding in terme van direkte uitgawe en/of tyd wat aan opleiding bestee word?

- **Organisasietyd:** In watter mate word van die produksietyd van die organisasie afgestaan vir opleiding van werkers?

- **Evaluering:** In watter mate word opleiding opgevolg met 'n evaluering van die effektiwiteit daarvan in terme van verhoging van die uitsette van die organisasie en met die oog op die nodige aanpassings?

- **Terugvoering:** In watter mate word terugvoering aan die werkers gegee ten opsigte van hulle eie ontwikkeling tydens die proses van opleiding?

Die matriks is so ontwerp dat elke aspek vir elk van die verskillende vaardighede op 'n skaal van 1 tot 6 beoordeel kan word, byvoorbeeld

1 = geen
2 = in geringe mate
3 = in 'n mate maar nog onbevredigend
4 = in 'n mate bevredigend
5 = redelik goed
6 = onverbeterlik.

Deur elke aspek op hierdie wyse te beoordeel, word 'n oorkoepelende beeld van die sterk punte en tekortkominge ten opsigte van vaardigheidsopleiding in die organisasie verkry.

3 AANWYSINGS VIR DIE INVUL VAN DIE MATRIKS

3.1 WIE MOET DIE MATRIKS INVUL?

Die keuse van wie die matriks/e moet/kan voltooi, berus by die organisasie. Daar word egter aanbeveel dat op een of meer van die volgende wyses te werk gegaan word:

- Matrikse vir die afsonderlike poskategorieë kan deur afsonderlike persone in die organisasie ingevul word deur dié persoon wat die beste op die hoogte is van die omstandighede met betrekking tot 'n spesifieke poskategorie.

- Matrikse vir al die poskategorieë kan deur 'n kundige persoon ingevul word wat kennis dra van die opleidingsituasie van al die verskillende poskategorieë.

- 'n Groep kundige persone wat elkeen kennis dra van die opleidingsituasie van een of meer van die poskategorieë kan die matrikse saam invul deur bespreking en bereiking van konsensus oor die skaalpunt ten opsigte van elke aspek.

3.2 SITUASIE EN DATUM

Die situasie waarvoor die matriks ingevul word (d.w.s. die situasie soos dit tans is, 'n ideale situasie of 'n toekomssituasie wat oor 'n bepaalde aantal jare verwag word), moet op elke matriks aangedui word. Om latere verwysing te vergemaklik, moet die datum wanneer die matriks ingevul is, ook vermeld word.

3.3 BESONDERHEDE OOR POSKATEGORIE

Die aantal en verskeidenheid van poskategorieë kan wissel van organisasie tot organisasie. Die aantal matrikse wat ingevul word, sal dienooreenkomstig wissel. Die poskategorie en die minimum toetredingsvereistes (opvoedkundig en ander) vir die bepaalde poskategorie word aangedui, sodat die vaardigheidsvlak by toetrede en ná opleiding asook die verskillende aspekte ten opsigte van vaardigheidsopleiding beoordeel kan word aan die hand van die vereistes wat gestel word.

3.4 SKAALPUNTE

Omkring die toepaslike syfer in elke blokkie. Raadpleeg die skaaldefinisies soos verstrek in paragraaf 2.2.7 (Sien voorbeeld van ingevulde matriks in bylae A.)

3.5 GRAFIEKE

Om interpretering en vergelyking te vergemaklik, kan die skaalpunte wat gemerk is, grafies voorgestel word soos in figuur 1 (bylae B).

4 INTERPRETERING

4.1 SITUASIES

Deur verskillende situasies as uitgangspunt te gebruik wanneer matrikse vir bepaalde poskategorieë ingevul word, kan verskillende wyses van vergelyking en interpretering toegepas word, byvoorbeeld:

4.1.1 Die huidige situasie:
Om die huidige kneipunte te identifiseer en prioriteite vir vaardigheidsopleiding te bepaal of deur die matriks periodiek op die huidige situasie toe te pas, kan veranderinge in die behoeftes ten opsigte van die vaardigheidsamestelling in die organisasie geïdentifiseer word en projeksies en tydige aanpassings gemaak word.

Die beoordeling van die huidige opleidingsituasie van die organisasie kan op verskillende wyses gedoen word:

- 'n Matriks kan vir elke poskategorie wat in die organisasie bestaan, afsonderlik ingevul word ten opsigte van verskillende afdelings, takke of filiale en gemiddelde tellings kan vir elke vaardigheid en spesifieke aspek bereken word, of

- 'n matriks kan vir elke poskategorie in die organisasie as geheel ingevul word, en aspekte rakende 'n bepaalde vaardigheid kan vir die verskillende poskategorieë vergelyk word om te bepaal by watter poskategorie die grootste leemte is ten opsigte van dié vaardigheid, of

- die verskillende vaardighede kan ten opsigte van 'n bepaalde aspek van 'n poskategorie vergelyk word om te bepaal by watter vaardighede die grootste leemtes voorkom, byvoorbeeld die voorsiening van finansies vir vaardigheidsopleiding.

4.1.2 Die ideale situasie: Deur die matriks vir dieselfde poskategorie ten opsigte van die huidige situasie en dié ten opsigte van die ideale situasie te vergelyk, kan tekortkominge

geïdentifiseer word met betrekking tot die ideaal wat nodig is om die organisasie optimaal te laat funksioneer..

4.1.3 'n Toekomsscenario: Deur die matrikse vir 'n toekomsscenario in te vul, word dit moontlik om vooruit te beplan en die beleid dienooreenkomstig aan te pas.

Een matriks kan vir elke situasie vir elke poskategorie ingevul word, of verskillende situasies kan op een matriks vir elke poskategorie gereflekteer word deur die gebruik van verskillende kleure penne.

4.2 VOORBEELD

'n Voorbeeld van 'n matriks wat ten opsigte van die huidige situasie van vaardigheidsopleiding vir tegnies ondersteunende personeel in 'n nywerheidsorganisasie ingevul is, word hier geïnterpreteer (sien bylae A).

- **Toetredingsvereistes:** Die organisasie vereis dat persone wat in hierdie poskategorie aangestel word, minstens oor 'n Nasionale Diploma (technikon) moet beskik en bereid moet wees om baie rond te reis, maar geen werkervaring word vereis nie.

- **Vaardigheidsvlak:** Wat hanteringsvaardighede betref, word verwag dat tegnies ondersteunende personeel by toetrede take in 'n groep saam met ander kan uitvoer maar ná opleiding behoort hulle take op eie inisiatief te kan identifiseer en uitvoer.

  Wat tegnologiese kennisvaardighede betref, word verwag dat persone in hierdie poskategorie 'n basiese kennis en toepaslike ervaring (wat tydens studiejare deur middel van ervaringsonderrig verwerf is) behoort te hê van die funksies wat hulle moet verrig. Nadat hulle vaardigheidsopleiding in die organisasie ontvang het, behoort hulle selfstandig te kan besluit en take te kan uitvoer.

  'n Basiese kennis om byvoorbeeld hulle eie werk te beplan (dinkvaardighede) is 'n vereiste by toetrede, terwyl hulle

ná opleiding 'n grondige kennis en ervaring behoort te hê om meer gekompliseerde beplanning te doen en moontlik vinnige besluite oor herbeplanning te kan neem.

Daar word nie baie hoë verwagtings aan hulle gestel ten opsigte van interpersoonlike en kommunikasievaardighede by toetrede nie, maar ná opleiding behoort hulle in staat te wees om gekompliseerde situasies te hanteer. Hulle behoort interpersoonlike probleme te kan hanteer en 'n aanvaarbare verslag oor hulle eie werk en dié van hulle span te kan voorlê.

'n Gemiddelde vermoë om hulleself en hulle eie tyd te bestuur en selfdissipline aan die dag te lê, m.a.w. intrapersoonlike vaardighede, is 'n vereiste by toetrede, terwyl die organisasie verwag dat hulle ná opleiding beter as gemiddeld daartoe in staat sal wees.

Slegs 'n basiese kennis van bestuursvaardighede is vir hierdie poskategorie by toetrede nodig, maar hulle behoort ná opleiding enige situasie met betrekking tot beplanning, leiding, koördinering, organisasie en beheer van hulle eie en hulle span se werk te kan hanteer om bepaalde doelwitte te bereik.

- **Aspekte van opleiding**

  - **Beskikbaarheid van menslike hulpbronne:** Die telling van 1 met betrekking tot bestuursvaardighede, dui daarop dat die organisasie intern geen tegnies ondersteunende personeel met 'n basiese kennis en toepaslike ervaring van basiese bestuursbeginsels beskikbaar het of ekstern kan kry nie. (Indien dieselfde tendens by 'n groot aantal organisasies waargeneem word, is dit moontlik 'n aanduiding dat daar op tersiêre onderwysvlak meer aandag hieraan gegee behoort te word.)

    In die algemeen dui die gemiddelde en ondergemiddelde telling vir al die vaardighede daarop dat tegnies ondersteunende personeel met die nodige vaardighede skaars is.

  - **Beskikbaarheid van gekwalifiseerde opleiers:** Vir opleiding in bestuursvaardighede is opleiers redelik beskikbaar. Die

beskikbaarheid van opleiers wat aan tegnies ondersteunende personeel hanteringsvaardighede kan leer, is in 'n mate bevredigend. Opleiers wat gekwalifiseerd is om opleiding te gee in tegnologiese kennis- en dinkvaardighede, is egter slegs in geringe mate beskikbaar.

- **Voorsiening van opleiding aan opleiers:** Die organisasie maak redelik goeie voorsiening vir die opleiding van opleiers in al die vaardighede, behalwe in dinkvaardighede. Daar sal dus hoë prioriteit gegee moet word aan die opleiding van opleiers in tegnologiese kennis- en dinkvaardighede, aangesien daar 'n aanduiding is dat opleiers in dinkvaardighede reeds slegs in geringe mate beskikbaar is (sien opmerking by (2) hierbo). Die volgende op die prioriteitslys is die opleiding van opleiers in hanteringsvaardighede.

- **Programme vir opleiding:** Daar is redelik goeie programme vir opleiding van tegnies ondersteunende personeel in interpersoonlike, hanterings-, kommunikasie- en bestuursvaardighede, maar ten opsigte van tegnologiese kennis-, dink- en veral intrapersoonlike vaardighede is daar tekortkominge. Aangesien daar 'n aanduiding is dat programme vir opleiding in intrapersoonlike vaardighede redelik onbevredigend is, sal die organisasie 'n poging moet aanwend om sodanige programme deur kundige persone te laat saamstel.

- **Interne fasiliteite:** Hoewel nie onverbeterlik nie, is die voorsiening van interne fasiliteite vir vaardigheidsopleiding aan tegnies ondersteunende personeel redelik goed.

- **Eksterne fasiliteite:** Eksterne fasiliteite is ook redelik goed voorsien vir opleiding in al die vaardighede behalwe hanteringsvaardighede en tegnologiese kennisvaardighede. Aangesien eksterne fasiliteite vir opleiding in hanterings- en tegnologiese kennisvaardighede nie beskikbaar is nie, behoort die interne fasiliteite optimaal gebruik te word. Indien nodig, kan meer as een organisasie moontlik ook saamspan om eksterne fasiliteite vir 'n groep organisasies beskikbaar te stel om duplisering van fasiliteite te voorkom.

- **Finansiële voorsiening:** Daar word finansieel voldoende voorsien vir opleiding in al die vaardighede, behalwe bestuursvaardighede (waarskynlik omdat die organisasie meen dat dit nie nodig is om tegnies ondersteunende personeel in bestuursvaardighede op te lei nie). Dit is egter noodsaaklik dat daar ook aandag gegee word aan die opleiding van tegnies ondersteunende personeel in bestuursvaardighede aangesien hulle moontlik die toesighouers en bestuurders van die toekoms is.

- **Organisasietyd:** Organisasietyd word in die meeste gevalle in 'n mate afgestaan vir opleiding in verskillende vaardighede, hoewel slegs in geringe mate vir intrapersoonlike vaardighede. Dit dui op 'n moontlike leemte en die organisasie sal die moontlikheid van meer tyd wat aan nie-formele vaardigheidsopleiding afgestaan word, moet ondersoek.

- **Evaluering:** Evaluering van tegnies ondersteunende personeel ten opsigte van hanteringsvaardighede en tegnologiese kennisvaardighede is redelik goed, maar daar is leemtes rakende die meer abstrakte vaardighede (waarskynlik omdat dit moeiliker is om hierdie vaardighede aan 'n bepaalde uitset te koppel). Riglyne sal dus ontwikkel moet word om tegnies ondersteunende personeel se dink-, mens- en bestuursvaardighede te evalueer.

- **Terugvoering:** Die terugvoering aan tegnies ondersteunende personeel oor hulle bekwaamheid en vordering in die meer abstrakte vaardighede, is in die algemeen onbevredigend, 'n aanduiding dat meer aandag hieraan gegee sal moet word om optimale funksionering te verkry.

VERWYSINGS

CARNEVALE, A.P. & GAINER, L.J. *The Learning Enterprise*. US Department of Labor Employment & Training Administration, 1986.

RGN-/NOR-ONDERSOEK NA VAARDIGHEIDSOPLEIDING IN DIE RSA, RGN Onderwys-navorsingsprogram nr. 14, RGN-/NOR-verslag, Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1989.

MATRIKS **BYLAE A**

1 **SITUASIE :** Huidige....(1) Ideale .....2 Toekomsscenario vir die jaar.....

2 **DATUM INGEVUL** 1991/01/02

3 **POSKATEGORIE** Tegniese ondersteunende personeel

4 **TOETREDINGSVEREISTES :** Minimum opvoedkundige kwalifikasies Nasionale Diploma (Technikon)

Minimum jare werkervaring Geen

Ander spesifieke vereistes Moet bereid wees om baie te reis

	VAARDIGHEDE						
	Hanteringsvaardighede	Tegnologiese kennisvaardighede	Denkvaardighede	Mensvaardighede			Bestuursvaardighede
				Kommunikasievaardighede	Interpersoonlike vaardighede	Intrapersoonlike vaardighede	
5 VAARDIGHEIDSVLAK : by toetrede	(1) 2 3 4 5*	(1) 2 3 4 5	(1) 2 3 4 5	1 (2) 3 4 5	1 (2) 3 4 5	1 2 (3) 4 5	(1) 2 3 4 5
na opleiding	1 2 3 4 (5)	1 2 3 (4) 5	1 2 3 (4) 5	1 2 3 (4) 5	1 2 3 (4) 5	1 2 3 (4) 5	1 (2) 3 4 5
6 ASPEKTE VAN VAARDIGHEIDSOPLEIDING							
(a) Beskikbaarheid van menslike hulpbronne: Intern	1 2 (3) 4 5 6*	1 (2) 3 4 5 6	1 (2) 3 4 5 6	1 (2) 3 4 5 6	1 2 (3) 4 5 6	1 2 3 (4) 5 6	(1) 2 3 4 5 6
Ekstern	1 2 (3) 4 5 6	1 (2) 3 4 5 6	1 (2) 3 4 5 6	1 (2) 3 4 5 6	1 2 (3) 4 5 6	1 2 3 (4) 5 6	(1) 2 3 4 5 6
(b) Beskikbaarheid van gekwalifiseerde opleiers	1 2 3 (4) 5 6	1 (2) 3 4 5 6	1 (2) 3 4 5 6	1 2 (3) 4 5 6	1 2 (3) 4 5 6	1 2 (3) 4 5 6	1 2 3 4 (5) 6
(c) Voorsiening van opleiding aan opleiers	1 2 3 4 (5) 6	1 2 3 4 (5) 6	1 2 (3) 4 5 6	1 2 3 (4) 5 6	1 2 3 (4) 5 6	1 2 3 (4) 5 6	1 2 3 4 (5) 6
(d) Program vir opleiding	1 2 3 4 (5) 6	1 2 (3) 4 5 6	1 2 (3) 4 5 6	1 2 3 4 (5) 6	1 2 3 4 (5) 6	1 (2) 3 4 5 6	1 2 3 4 (5) 6
(e) Interne fasiliteite	1 2 3 4 (5) 6	1 2 3 4 (5) 6	1 2 3 4 (5) 6	1 2 3 4 (5) 6	1 2 3 4 (5) 6	1 2 3 4 (5) 6	1 2 3 4 (5) 6
(f) Eksterne fasiliteite	(1) 2 3 4 5 6	1 (2) 3 4 5 6	1 2 3 4 (5) 6	1 2 3 4 (5) 6	1 2 3 4 (5) 6	1 2 3 4 (5) 6	1 2 3 4 (5) 6
(g) Finansiële voorsiening	1 2 3 4 5 (6)	1 2 3 4 5 (6)	1 2 3 4 5 (6)	1 2 3 4 5 (6)	1 2 3 4 5 (6)	1 2 3 4 5 (6)	1 2 (3) 4 5 6
(h) Organisasieryd	1 2 3 (4) 5 6	1 2 3 (4) 5 6	1 2 (3) 4 5 6	1 2 (3) 4 5 6	1 2 (3) 4 5 6	1 (2) 3 4 5 6	1 2 3 (4) 5 6
(i) Evaluering	1 2 3 4 (5) 6	1 2 3 4 (5) 6	1 (2) 3 4 5 6	1 (2) 3 4 5 6	1 (2) 3 4 5 6	1 (2) 3 4 5 6	1 (2) 3 4 5 6
(j) Terugvoering	1 2 3 4 (5) 6	1 2 3 4 (5) 6	1 2 (3) 4 5 6	1 2 (3) 4 5 6	1 2 (3) 4 5 6	1 2 (3) 4 5 6	(1) 2 3 4 5 6

* Sien paragraaf 2 van **HANDLEIDING** vir skaaldefinisies.

-17-

FIGUUR 1

TEGNIES-ONDERSTEUNENDE PERSONEEL



——— Huidige stand

. . . . Bevredigende vlak

FIGUUR 1

TEGNIES-ONDERSTEUNENDE PERSONEEL



FIGUUR 1

TEGNIES-ONDERSTEUNENDE PERSONEEL



_____ Huidige stand

. . . . . Bevredigende vlak

MATRIKS

RGN

1 **SITUASIE :** Huidige ... 1 Ideale ... 2 Toekomsscenario vir die jaar.....

2 **DATUM INGEVUL** .....

3 **POSKATEGORIE** .....

4 **TOETREDINGSVEREISTES :** Minimum opvoedkundige kwalifikasies.....

Minimum jare werkervaring.....

Ander spesifieke vereistes .....

	VAARDIGHEDE						
	Hanterings-vaardighede	Tegnologiese kennisvaardighede	Denkvaardighede	Mensvaardighede			Bestuurs-vaardighede
				Kommunikasie-vaardighede	Interpersoonlike vaardighede	Intrapersoonlike vaardighede	
5 VAARDIGHEIDSVLAK : by toetrede	1 2 3 4 5*	1 2 3 4 5	1 2 3 4 5	1 2 3 4 5	1 2 3 4 5	1 2 3 4 5	1 2 3 4 5
na opleiding	1 2 3 4 5	1 2 3 4 5	1 2 3 4 5	1 2 3 4 5	1 2 3 4 5	1 2 3 4 5	1 2 3 4 5
6 ASPEKTE VAN VAARDIGHEIDSOPLEIDING							
(a) Beskikbaarheid van menslike hulpbronne Intern	1 2 3 4 5 6*	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6
Ekstern	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6
(b) Beskikbaarheid van gekwalifiseerde opleiers	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6
(c) Voorsiening van opleiding aan opleiers	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6
(d) Program vir opleiding	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6
(e) Interne fasiliteite	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6
(f) Eksterne fasiliteite	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6
(g) Finansiele voorsiening	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6
(h) Organisasieryd	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6
(i) Evaluering	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6
(j) Terugvoering	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6	1 2 3 4 5 6

* Sien paragraaf 2 van **HANDLEIDING** vir skaaldefinisies.